## ALGEMENE RIGLYNE BY DIE NASIEN VAN VRAESTEL 3

1. Bestudeer en bespreek die nasienskaal en die riglyne vir die gebruik daarvan en maak seker dat elke nasiener weet hoe om dit te gebruik.

2. Afdeling A word volgens die nasienskaal uit 40 nagesien..

3. Afdeling B word volgens die nasienskaal uit 20 nagesien.

4. Afdeling C word volgens die nasienskaal uit 15 of 20 en 'n memo nagesien.

5. As 'n skryfstuk in Afdeling A **te kort** is (leerder het minder as 2/3 van die verwagte aantal woorde – minder as 200 - geskryf), word die leerder met 'n 1/2 kerf of 2 punte gepenaliseer.

6. As 'n skryfstuk in Afdeling B en C **te kort** is (leerder het minder as 2/3 van die verwagte aantal woorde – minder as 100 - geskryf), word die leerder met 'n 1/2 kerf of 1 punt gepenaliseer. Neem die totale aantal woorde in ag by bv. die CV en nie die onderskeie afdelings nie.

7. As `n leerder slegs die riglyne beantwoord of slegs enkele sinne skryf, m.a.w. so min woorde skryf dat dit nie `n opstel is nie, kan dit slegs as swak (S) gekategoriseer word.

8. As 'n skryfstuk in Afdeling A **te lank** is (leerder het meer as 1/3 van die verwagte aantal woorde te veel geskryf (400 woorde), word die hele skryfstuk gelees en nagesien, maar die leerder word met 'n ½ kerf of 2 punte gepenaliseer.

9. As 'n skryfstuk in Afdeling B en C **te lank** is (leerder het meer as 1/3 van die verwagte aantal woorde te veel geskryf (200 woorde), word die hele skryfstuk gelees en nagesien, maar die leerder word met 'n ½ kerf of 1 punt gepenaliseer.

10. As skryfstukke **heeltemal** uit die vraestel saamgeflans (dele van opdragte uit die vraestel word net so oorgeskryf) word, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees:
    - Geen eie werk nie.
    - Geen kommunikasie nie.
    - Saamgeflans.

11. As skryfstukke **gedeeltelik** uit die vraestel saamgeflans ( dele van opdragte uit die vraestel word net so oorgeskryf) word, word net eie werk geëvalueer en bepunt . Die punt sal waarskynlik selde hoër as SS- wees.

12. <u>Gememoriseerde Skryfwerk</u>
    Ons onderskei tussen tussen twee soorte gememoriseerde skryfstukke:
    1. Glad nie oor die onderwerp nie en die taalgebruik is baie beter as dié in res van die vraestel.
       Penaliseer: Geen punte word toegeken nie. (Bespreek eers met hoofeksaminator)
    2. Gememoriseerde stuk is ingedwing onder 'n bepaalde onderwerp. Taalgebruik baie beter as die res van die vraestel
       Penaliseer: Gee S-. (Bespreek met hoofeksaminator)

13. As 'n onderwerp misgetas word, word die leerder ook streng gepenaliseer as dit by inhoud en kommunikasie kom ('n baie lae punt). Taal kan normaal nagesien word.
14. As `n kandidaat die onderwerp meestal in Engels aanbied, ontvang die kandidaat 0
15. Simbole en punt(e) word regs onderaan die laaste bladsy van die skryfstuk en die groottotaal links bo-aan die begin van elke afdeling neergeskryf.
16. Hierdie metode van nasien word by alle skryfstukke toegepas.
17. Dit word voorgestel dat die volgende nasiensimbole gebruik word:

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| __ | Kort strepie | Spelfout |
| ______ | Lang streep | Foutiewe woorde |
| (.......) | Hakies | Woordorde |
| ^ | Weggelaatteken | Woord(e) weggelaat |
| .. .. | Eenwoord teken | Behoort een woord te wees. |
| ? (kantlyn) | Groot vraagteken | Effens onduidelik |
| x | Kruisie | Komma weggelaat |
| T (kantlyn) | Hoofletter T | Tye verwar |
| herh (kantlyn) | Afkorting | Herhaling van gedagtes |
| // | Twee strepies | Dui nuwe paragraaf aan |
| | Kronkelstreep | Onverstaanbaar |
| | Hoofletter | Skryf self die hoofletter in. |
| vs | Vraestel | Dele net so uit vraestel oorgeskryf |

**Die riglyne wat by elke skryfstuk gegee word, is nie bindend nie, maar word net as hulp aan die swakker kandidate gegee.**

**AFDELING A: LANGER SKRYFSTUKKE**

**RIGLYNE:** Vra jouself die vraag: Kan die kandidaat skryf?

**VRAAG 1**

**1.1 VERHALEND** - 'n Avontuur word 'n tragedie

**Kriteria:**
+ Is dit 'n storie?
+ Is daar karakters?
+ Vind daar gebeure plaas, is daar ontwikkeling?
+ Goeie verrassende slot.
+ Oortuig die verhaal?
+ Is die verhaal boeiend?
+ Is daar logiese ontwikkeling?
+ Is die skryfstuk 'n samehangende geheel?

**TAAL:**

**Woordeskat**
+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**
+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ M = Minder verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
+ Let wel: In verlede tyd word voegwoorde soos toe,(het) ens. gebruik.
+ Is die tyd waar van toepassing deurlopend dieselfde?

**INHOUD:**
+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe
+ Word daar verwys na:- die omstandighede?
plek en tyd?
wat verkeerd geloop het?
wie almal betrokke was?
hoe die persoon gevoel het?
hoe die tragedie geeïndig het?

**KOMMUNIKASIE**
+ Word oor die onderwerp gekommunikeer, m.a.w.word die avontuur genoem?
+ Was dit werklik`n avontuur wat 'n tragedie geword het?
+ Oortuig die verhaal?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?
+ Wat is my reaksie: is die verhaal mooi, interessant, gewoon, alledaags?

(SIEN NA VOLGENS DIE GEGEWE NASIENSKAAL UIT 40)

## 1.2 BESKRYWEND - 'n Spesiale sportbyeenkoms of sportkompetisie

**Kriteria:**
+ Dit wat beskryf word, moet so werklik vir die leser wees as wat dit vir die skrywer is.
+ Kan as't ware sien, proe en ervaar.
+ Die persoonlikhede word lewensgetrou beskryf.
+ Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
+ Woorde word fyn gekies.
+ Inleiding en slot is gepas.

TAAL:

**Woordeskat**
+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**
+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ M = Minder verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
+ Pas die register?
+ Word genoeg byvoeglike en beskrywende woorde gebruik?
+ Kan jy as't ware sien, hoor, ruik, proe en ervaar, m.a.w. word sintuie goed ingespan?
+ Is die tyd deurlopend dieselfde?
+ Let op na die verskil tussen vertel en beskryf

**INHOUD:**
+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word die sportbyeenkoms genoem,bv krieket, rugby, ens. en beskryf?
+ Word die tyd, plek en atmosfeer genoem?
+ Klink dit soos 'n persoonlike ervaring / belewenis?
+ Word die deelnemer(s)/opponent(e) en hulle klere genoem, word hulle lewensgetrou (uiterlik) uitgebeeld?
+ Word daar verwys na wedstrydgebeure, soos die mense se reaksies?
+ Was die wedstryd/kompetisie spesiaal? Waarom het jy dit geniet?

**KOMMUNIKASIE:**
+ Word dit wat beskryf word,so werklik in die leser se verbeelding as wat dit vir die skrywer is?
+ Wat is my reaksie: is die beskrywing goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

1.3. **ARGUMENTEREND** - Dit is verkeerd om die lotto te speel.

**Kriteria:**
+ 'n Spesifieke standpunt word ingeneem en
+ Oortuigend gemotiveer.
+ Logiese ontwikkeling
+ Kom tot 'n gevolgtrekking

**TAAL:**

**Woordeskat**
+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**
+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ M = Mindere verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
+ Pas die register?
+ Is die woord- en taalgebruik goed?

**INHOUD:**
+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word daar geargumenteer oor dobbel of nie?
+ Is die standpunt duidelik?
+ Word redes verskaf vir of teen (geen) deelname?
+ Word stellings deur middel van bewyse gestaaf?
+ Ontwikkel die redenasie logies en sistematies?
+ Word daar verwys na die invloed wat dit op mense se lewens kan hê?
+ Word daar tot 'n duidelike gevolgtrekking gekom?

**KOMMUNIKASIE:**
+ Word daar oortuigend oor die argument/onderwerp gekommunikeer, m.a.w. word dit waaroor geargumenteer word, so werklik in die leser se verbeelding as wat dit vir die skrywer is?
+ Wat is my reaksie: is die argument goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

1.4. **BESPIEGELEND** - Waarheen na matriek as 'n mens nie werk kan kry nie?

**Kriteria:**
+ Oor 'n saak word gepeins, gedebatteer, selfs gefilosofeer.
+ Die skrywer het persoonlike ondervinding of goeie kennis oor die onderwerp.
+ Die probleem of saak word omskryf.
+ Positiewe en negatiewe standpunte word gestel.
+ Verskillende opinies word teen mekaar opgeweeg.
+ Eie mening is logies en sistematies uiteengesit.

Kopiereg voorbehou 

TAAL:

**Woordeskat**
+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**
+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ M = Minder verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
+ Pas die register?
+ Is die woord- en taalgebruik goed?

INHOUD:
+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word gevoelens oor die werkloosheidsprobleem uitgespreek?
+ Word daar gesê wie die probleem moet oplos?
+ Word daar gesê wat hul kan doen om werk te kry?
+ Word daar verwys na probleme/geleenthede (kanse)?
+ Word albei kante bespreek, is daar duidelike tekens van 'n bespiegeling?
+ Word 'n eie mening logies en sistematies uiteengesit?
+ Word daar tot `n gevolgtrekking gekom?

KOMMUNIKASIE:
+ Word daar oor die onderwerp gekommunikeer, word insig oor die onderwerp openbaar, het skrywer werklik oor onderwerp gedink?
+ Wat is my reaksie: is die bespiegeling goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

**1.5 FEITELIKE SKRYFSTUK – Pas die natuur op**

**Kriteria:**
+ Feite word akkuraat gegee.
+ Feite/gebeure is uitgebrei.
+ Leser gelei tot insig en kennis.
+ Skrywer bly neutraal.

TAAL:

**Woordeskat**
+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**
+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ M = Minder verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
+ Pas die register?
+ Is die woord- en taalgebruik goed?

**INHOUD:**

- \+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
- \+ Is daar redes gegee waarom die natuur so belangrik is?
- \+ Word die belangrikheid van bome en plante duidelik genoem m.a.w. die nut en gebruik daarvan?
- \+ Is die feite akkuraat?
- \+ Is daar duidelike verwysing na die belangrikheid van water in die natuur, m.a.w. waarvoor dit gebruik word en waarom ons dit versigtig moet gebruik?
- \+ Is die belangrikheid van insekte en diere genoem, m.a.w. hoe hulle bydrae tot die handhawing van die balans in die natuur?
- \+ Is die feite akkuraat?
- \+ Word die leser tot insig en kennis gelei?
- \+ Bly die spreker neutraal?

**KOMMUNIKASIE:**

- \+ Word daar oor die onderwerp gekommunikeer, m.a.w. is die feite wat gegee word, geloofwaardig?
- \+ Wat is my reaksie: is die feite goed, interessant, gewoon, alledaags?
- \+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

**TOTAAL AFDELING A: [40]**

## KORTER SKRYFSTUKKE

## AFDELING B - FUNKSIONELE SKRYFWERK
## VORM BAIE BELANGRIK. FORMATE MOET KORREK WEES.

## VRAAG 2

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF – Aan Oupa en Ouma

**Vormfoute in die brief:**

- 'n Leerder word toegelaat om 'n maksimum van 2 foute in die vorm van die brief te maak.
- As daar 3 en meer vormfoute is, word die leerder met 'n 1 kerf of 1 punt gepenaliseer.

**Voorbeelde van die adres:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kerkstraat 1<br>Uitbreiding<br>Pleknaam<br>Kode | Posbus 88<br>Pleknaam<br>Kode | Huis 342<br>Pleknaam<br>Kode | Plot 588<br>Pleknaam<br>Kode | Debrahof<br>Pleknaam<br>Kode |

Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Ghandi Square, word aanvaar nie.
Die woord straat mag nou alleen geskryf word, bv. Wessels Straat.

**Voorbeeld van die vorm van die brief:**

Kerkstraat 50
Johannesburg
2000
17 September 2006

of

Kerk Straat
Johannesburg
2000
17 September 2006

xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
Liewe/Beste ............
xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
Paragraaf
xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
Paragraaf
xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
Paragraaf
xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
Groete.
xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
Naam van skrywer

of:

Groete.
xxxxxxxx (Laat 'n reël oop)
U kleinkind
Naam van skrywer

**Vorm:**

+ Is 'n datum aangebring? (Geen datum = vormfout)
+ Datum moet volledig uitgeskryf wees, bv. 17 September 2006 en **NIE** 17/09/2006 **nie.**
+ Geen reël oop tussen poskode en datum nie.
+ Is die vorm van die brief t.o.v. adres, aanhef en slot korrek, word reëls oopgelaat?
+ Word die aanspreekvorm "Liewe" of "Beste" in die aanhef gebruik?
+ Die gebruik van die voornaamwoord "u" is nie verpligtend nie.

Kopiereg voorbehou

**TAAL:**
**Woordeskat**
+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**
+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ M = Minder verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
+ Pas die register ?
+ Is die woord- en taalgebruik goed?
+ Is die trant liefdevol, eerbiedig en word grootouer(s) met respek aangespreek?

**INHOUD:**
+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word die grootouer(s) werklik bedank?
+ Word daar verwys na hul opofferings?

**KOMMUNIKASIE:**
+ Is die kommunikasie spontaan?
+ Slaag kandidaat daarin om ouma en oupa te bedank?
+ Is die bedanking opreg en uit die hart?
+ Is die kommunikasie so geslaagd dat dit die gewenste reaksie by die leser uitlok?
+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(GEBRUIK NASIENSKAAL UIT 20)

**2.2 DIALOOG** - Sonde met die bure

Gesprek tussen twee karakters. Verkieslik die soort gesprek wat bure met mekaar sou aanknoop.

**Let wel: Vorm van die dialoog**
- 'n Leerder mag net 2 vormfoute begaan.Daarna word 'n maksimum van 1 punt afgetrek.
- Die gebruik van aanhalingstekens regdeur die dialoog word as een fout hanteer.
- Na elke spreker se naam moet 'n dubbelpunt wees.
- Wat gesê word, moet in blokvorm wees.
- Nie in blokvorm nie, is dit 'n vormfout.
- 'n Reël moet tussen elke spreekbeurt oopgelaat word.
- Die leerder moet die dialoog begin met die twee gegewe spreekbeurte op die vraestel.
- Die gegewe twee spreekbeurte op die vraestel word **nie as deel** van die leerder se totale aantal woorde getel **nie**.

Kopiereg voorbehou 

**Begin so:**

Jy: Jou hond hou my in die nag uit die slaap!

Hy/Sy: Ag nee, dit is nie so erg nie.

Jy: ..........................................................................................................

**Vorm:**
+ Is die vorm van die dialoog korrek?
+ Sluit die een spreekbeurt by die ander een aan?

**TAAL:**

**Woordeskat**
+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**
+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ M = Minder verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
+ Is die taalgebruik geskik en gepas, bv. geen sleng, vloekwoorde of vuiltaal nie?
+ Is die woord- en taalgebruik goed?
+ Is daar 'n informele aanspreekvorm, bv. jy;jou?
+ Is die gesprek natuurlik en spontaan?

**INHOUD:**
+ Is die trant duidelik ten opsigte van ontevredenheid/ woede/ frustrasie/ tegemoetkomendheid?
+ Word die pobleem aangespreek?
+ Word moontlike oplossings aangebied?
+ Is daar sprake van verdere onenigheid?

**KOMMUNIKASIE:**
+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 20)

**2.3 VERSLAG** - Aanranding naby die skool
Halwes word afgerond na naaste hele.

**Manier van nasien:**
15-punt skaal en 'n memo.

**Memo:**
**Inligting van die verklaarder:**

| | | |
|---|---|---|
| **Van en volle naam**: | Moet lyk soos volle naam en van, m.a.w. geen voorletters nie. | |
| **Woonadres: bv.** | Kerkstraat 1 | Geen Engels, behalwe amptelike |
| **(nie posadres nie)** | Uitbreiding | Engelse name, bv. Ghandi Square |
| | Pleknaam | |
| | Kode (moet duidelik woonadres wees) | |
| **ID-nommer:** | Moet lyk soos 'n regte ID-nommer (mag denkbeeldig wees) | |
| | Volgorde:jaar,maand,dag en dan res van syfers. | |

**Inligting van die misdaad**:
+ **Soort misdaad**: mag net 'n aanranding wees (soos in opdrag).
+ **Tyd:** mag net 6 nm. wees / 18:00 soos in opdrag. 5x1= (5)

TAAL:
**Woordeskat**
+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**
+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ M = Minder verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
+ Register: word in die 1ste persoon vertel.
+ Woordkeuse moet pas by die onderwerp/opdrag.
+ Die styl moet by die onderwerp en die leser aanpas.
+ Is woord- en taalgebruik goed, gemiddeld, swak?

INHOUD:

**Plek:**
+ Word 'n presiese en volledige beskrywing van die plek, bv. landmerke soos geboue, bosse, straatligte, sportgronde, ens. gegee?

**Verdagte:**
+ Word daar 'n beskrywing van die verdagte gegee, m.a.w. hoe het hy gelyk?
+ Wat het hy gedra?
+ Enige uitstaande liggaamskenmerke?

**Slagoffer:**
+ Word 'n beskrywing van die aangerande/slagoffer gegee, hoe het hy gelyk?
+ Wat het hy gedra?
+ Enige uitstaande liggaamskenmerke en of beserings opgedoen?

**Wat het jy gesien?**

+ Is daar `n beskrywing van die gebeure: wat jy gesien het?
+ Waarmee slagoffer aangeval (die wapen) is?

**Wat het jy gedoen?**

+ Word daar verwys na optrede, m.a.w. wat het slagoffer/aanvaller/jy gedoen?
+ Is die inligting akkuraat en volledig?
+ Is die skrywer objektief

**KOMMUNIKASIE:**

+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS MEMO UIT 5 PUNTE EN NASIENSKAAL UIT 15)

**TOTAAL AFDELING B = 20 PUNTE**

## AFDELING C

## TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

## VRAAG 3

**3.1 HULDEBLYK** – <u>'n Spesiale persoon</u>

**Kriteria:**

+ 'n Baie definitiewe skryfstyl.

**TAAL:**

**Woordeskat**

+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**

+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ M = Minder verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
+ Die oorgrote gedeelte van die huldeblyk moet in die derdepersoon geskryf word.
+ Persoonlike ervaring word in die 1ste persoon geskryf.
+ Is die register geskik en van pas?
+ Is woord- en taalgebruik goed?

**INHOUD:**

+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word persoonlike inligting (wie,wanneer,hoe) oor die oorledene gegee?
+ Word daar verwys na die persoonlikheid van die oorledene en hoekom hy/sy spesiaal was?
+ Word daar verwys na die betekenis wat die oorledene op die verteller se lewe en op die gemeenskap gehad het?

**KOMMUNIKASIE:**

- \+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
- \+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS NASIENSKAAL UIT 20)

## 3.2 CURRICULUM VITAE

**Manier van nasien:**
Memo en 15-punt skaal.
Die inligting wat gegee word moet pas by die advertensie waarop die leerder reageer.

**Persoonlike besonderhede:**

**Van en volle naam**: moet naam en van wees/moet twee woorde wees wat lyk soos naam en van.
**Geboortedatum:** jaar/maand/dag of andersom. Mag in syfers of Afrikaanse woorde wees.

| Adres: | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Kerkstraat 1<br>Uitbreiding<br>Pleknaam<br>Kode | Posbus 88<br>Pleknaam<br>Kode | Huis 342<br>Pleknaam<br>Kode | Plot 588<br>Pleknaam<br>Kode | Debrahof<br>Pleknaam<br>Kode |

**Twee tale (praat):** Enige twee, maar moet in Afrikaans wees.
**Hoogste akademiese kwalifikasie**: matriek,sertifikate,diplomas,kursusse bygewoon.
**Professionele kwalifikasie**: sertifikate,diplomas,kursusse bygewoon.
**Sportsoort**: enige, maar 'n Afrikaanse term.
**Kulturele aktiwiteite**: enige, maar Afrikaanse woorde.
**Vorige ondervinding/ervaring**: enige toepaslike ervaring. (10÷2 =5)

TAAL:
**Woordeskat**

- \+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
- \+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
- \+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
- \+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**

- \+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
- \+ M = Minder verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
- \+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
- \+ Is die register geskik en van pas?
- \+ Is woord- en taalgebruik goed?

INHOUD:
**Noem drie redes waarom jy die werk moet kry.**

- \+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
- \+ Is redes waarom hy/sy die werk moet kry, genoem?
- \+ Moet 3 goeie redes wees wat van toepassing op die pos is, bv. opleiding, ervaring, hardwerkend.

**Vertel meer van jou karakter**
+ Is karaktertrekke, soos: hardwerkend, pligsgetrou, ambisieus, netjies, eerlik, goeie menseverhoudings, genoem?

**Vorige werksondervinding**
+ Is vorige werksondervinding genoem en daarop uitgebrei?

**KOMMUNIKASIE:**
+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(GEBRUIK MEMO EN 15-PUNT SKAAL)

**3.3 MEMORANDUM** - Diefstal by 'n maatskappy

- Word gewoonlik interdepartementeel gebruik om personeel aan belangrike sake te herinner of inligting oor te dra.
- Dit kan 'n kort verslag, boodskap, kennisgewing of brief wees.
- Gedrukte vorms wat net ingevul moet word, word deur die meeste instansies gebruik.

**Vorm:**

| | |
|---|---|
| **Naam**: | moet soos 'n maatskappy se naam lyk. |
| **Aan:** | word aan die personeellede gerig. |
| **Van:** | die bestuurder, of sy naam en van |
| **Datum:** | enige – woorde (Afrikaans) of syfers, maar volledig. |
| **Onderwerp:** | (Interne) diefstal / stelery (kern). |

**Boodskap**

**TAAL:**

**Woordeskat**
+ G = Is die woordeskat goed en van pas?
+ Uitgebreide en gevorderde woordeskat.
+ M = Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.
+ S = Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute.

**Taalgebruik**
+ G = Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ M = Minder verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies
+ S = Sukkel met basiese woord- en sinstrukture
+ Is die register geskik en van pas?
+ Is woord- en taalgebruik goed?

**INHOUD:**
+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word daar verwys na die tyd en plek van diefstal?
+ Word daar verwys na wat gesteel is?
+ Word daar genoem hoeveel die maatskappy verloor het?
+ Word die stappe genoem wat die maatskappy teen die diewe gaan neem?
+ Is daar planne in plek om verdere misdaad te voorkom?

**KOMMUNIKASIE:**

- + Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
- + Of oortuig dit nie werklik nie?

(GEBRUIK MEMO UIT 5 EN NASIENSKAAL UIT 15 OM BOODSKAP NA TE SIEN.)

**TOTAAL AFDELING C = 20 PUNTE**

Kopiereg voorbehou

# AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL - HOËRGRAAD EN STANDAARDGRAAD
## NASIENSKAAL VIR DIE ASSESSERING VAN SKRYFWERK

| % | | KATEGORIE | 40 | 30 | 20 | 15 | 10 | KRITERIA: TAAL, INHOUD KOMMUNIKASIE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 100 | G+++ | Absoluut puik | 40 | 30 | 20 | 15 | 10 | - Goeie **taalgebruik**. Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies. Min foute.<br>- Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas. Uitgebreide en gevorderde woordeskat. Taal is idiomaties korrek.<br>- **Inhoud** is boeiend, interessant en relevant. Goeie beplanning, al die stof is ter sake. Skryfstuk toon duidelike progressie, m.a.w. inleiding, verloop en slot vorm netjiese geheel.<br>- Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens. Korrekte paragrawe.<br>- Duidelike korrekte interpretasie van onderwerp, m.a.w.die boodskap is briljant en oortuigend oorgedra.<br>- Dit lok die gewenste reaksie by die leser uit, want jy wil lees.<br>- **Kommunikeer** uiters effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom en punktuasie. |
| 95 | G++ | Puik | 38 | 29 | 19 | 14½ | 9½ | |
| 90 | G+ | Uitstekend | 36 | 27 | 18 | 13½ | 9 | |
| 85 | G+G | Baie goed | 34 | 26 | 17 | 13 | 8½ | |
| 80 | G | Goed | 32 | 24 | 16 | 12 | 8 | |
| 75 | GG- | Amper goed | 30 | 23 | 15 | 11½ | 7½ | |
| 70 | G- | Goed, te veel swakhede | 28 | 21 | 14 | 10½ | 7 | |
| 65 | G-M+ | Neig na goed, te veel swakhede | 26 | 20 | 13 | 10 | 6½ | - **Taalgebruik** is gemiddeld. Minder verskeidenheid sinstipes en -konstruksies. Sinsbou is dikwels lomp; woord- en sinstrukture kom dikwels voor.<br>- Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.<br>- **Inhoud** is vanselfsprekend, niks buitengewoons nie.<br>- Beplanning nie meer goed nie, dwaal soms van die onderwerp af/onderwerp net gedeeltelik betrek. Weing ontwikkeling, paragrawe skakel nie altyd sinvol nie,<br>- Inleiding te lank/te kort en slot nie effektief nie/ ontbreek soms.<br>- Onderwerp is nie heeltemal so korrek geïnterpreteer nie en die boodskap nie meer so duidelik oorgedra nie. Lok nie werklik reaksie by leser uit nie.<br>- Slaag nog daarin om inhoud verstaanbaar te **kommunikeer** ten spyte van foute. Min gebruik van taalidioom, wel moedertaalinvloed. |
| 60 | M+ | Bogemid. Begin neig na goed | 24 | 18 | 12 | 9 | 6 | |
| 55 | M+M | Beter as gemiddeld | 22 | 17 | 11 | 8½ | 5½ | |
| 50 | M | Gemiddeld | 20 | 15 | 10 | 7½ | 5 | |
| 45 | MM- | Redelik gemiddeld, te veel foute | 18 | 14 | 9 | 7 | 4½ | |
| 40 | M- | Sukkelend, maar nie swak nie | 16 | 12 | 8 | 6 | 4 | |
| 35 | M-S+ | Swak, maar kan slaag | 14 | 11 | 7 | 5½ | 3½ | - **Taalgebruik** is swak. Sukkel met basiese woord- en sinstrukture. Taal is lomp, beperk en dikwels heel onverstaanbaar. Wemel van foute t.o.v. spelling, sinsbou en woordgebruik.<br>- Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute. Gebruik Engelse woorde.<br>- **Inhoud** is eintlk nie meer tersaaklik/glad nie tersaaklik nie.<br>- Swak beplanning, tema vaagweg in gedagte gehou, baie herhaling. Geen / min eenheid tussen paragrawe. Interpunksie word geïgnoreer<br>- Onderwerp is feitlik heeltemal of glad nie verstaan en geïnterpreteer nie. Slaag nie daarin om boodskap oor te dra nie.<br>- **Kommunikasie** moontlik nog verstaanbaar omdat nasiener inlees. |
| 30 | S+ | Te swak om te slaag, | 12 | 9 | 6 | 4½ | 3 | |
| 25 | S+S | Nog swakker, vol foute | 10 | 8 | 5 | 4 | 2½ | |
| 20 | S | Swak | 8 | 6 | 4 | 3 | 2 | |
| 15 | SS- | Uiters swak | 6 | 5 | 3 | 2½ | 1½ | |
| 10 | S- | Hopeloos | 4 | 3 | 2 | 1½ | 1 | |

- Lees die stuk deur, besin oor die taalgebruik/styl, inhoud en kommunikasie en plaas die kandidaat in een van die drie hoofkategorieë, nl. GOED, MIDDELMATIG of SWAK.
- Besin dan **hoe** goed, middelmatig of swak. Begin by die omskrywinge van die hoofkategorieë (GOED, MIDDELMATIG, SWAK - T/I/K) en lees dan die opsommende omskrywing.
- Plaas die kandidaat dan in 'n spesifieke simbool-kategorie, bv, M+M.
- Skryf die simbool neer (bv. M+M) en soek dan in die kolom onder die verlangde totaal die ooreenstemmde waarde en skryf dit neer (bv. uit 30 is M+M 17)
- Moenie ander tussenin punte gee nie.. Mistasting | Saamgeflans 0

# BEPUNTING VAN SKRYFWERK
# AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

## OMSKRYWING VAN KOMPONENTE

Die verskillende komponente kan eintlik nie apart aangeslaan word nie, want hulle hou direk met mekaar verband. Die aanbieding van die **inhoud** sluit taal en styl in en die **kommunikatiwiteit** kan nie los bepaal word nie, maar in samehang met die natuurlike en gepaste taalgebruik.

In **globale** assessering word die integrasie van die verskillende komponente erken. Daar word aanvaar dat die een >n direkte invloed op die ander het en nie van mekaar losgemaak kan word nie.

<u>TAAL</u>

Die hoofaspekte waarna ons oplet in taalgebruik is die volgende:

- **Woordeskatkennis :**
  Hier kyk jy hoe ryk, uitgebreid en korrek die leerder se woordeskat is. Dit sluit ook kennis en gebruik van woordstrukture in. Jy kyk ook of die kandidaat die woord se betekenis ken.

- **Sinsbou:**
  Dit sluit die verskeidenheid sinsoorte en sinskonstruksies in. Met sinsoorte word bedoel of die kandidaat verskillende soorte sinne effektief kan gebruik, bv.vraagsinne, omgesette woordorde, begin met voegwoord, ens. In sinskonstruksie kyk ons na die woordorde, die gebruik van voegwoorde, die korrekte gebruik van tyd, ens.

- **Spelling en punktuasie**:
  Omdat dit >n skryfvraestel is, moet die kandidaat kan spel en weet hoe om lees- en skryftekens korrek en effektief te kan gebruik.

<u>INHOUD</u>

- **Beplanning**:
  Goeie beplanning sal verseker dat die inleiding prikkelend is, daar >n goeie ontwikkeling plaasvind en dat die slot verrassend en funksioneel is. Beplanning verseker verder dat die stof tersaaklik is. Dit sluit sinvolle rangskikking van gegewens, paragrafering, korrekte lengte, ens. in.

- **Hantering van onderwerp:**
  Jy kyk hoe oorspronklik, oortuigend en interessant die onderwerp hanteer word, Kyk of die materiaal logies, samehangend, vloeiend en duidelik oorgedra word.

<u>KOMMUNIKATIWITEIT</u>

- **Interpretasie van onderwerp**:
  Jy stel vas of die kandidaat die onderwerp duidelik en korrek geïnterpreteer het.

- **Oordra van boodskap:**
  Jy kyk hoe goed en suksesvol die boodskap oorgedra is, of die styl en trant pas, die woord- en taalgebruik natuurlik en geskik is, m.a.w. of die kandidaat daarin slaag om die leser die doel van die skrywe te laat verstaan.

- **Leser se reaksie:**
  Word daar op so >n manier gekommunikeer dat jy duidelik en helder verstaan, dat die inhoud jou boei, dat jy verder wil lees en dat dit die gewenste reaksie uitlok? (Jy voel dalk saam bly/hartseer/kwaad... Jy Asien@ die prentjie/persoon wat beskryf is... Jy wil reageer op wat jy gelees het.
  (By elke skryfstuk word >n ontvanger [leser] veronderstel. Die boodskap moet op die ontvanger gerig wees. Verder moet die taal, styl en trant pas en die sender[skrywer] se rol moet klop met die opdrag in die vraestel.)

## TOEPASSING VAN DIE SKAAL

1 Lees die skryfstuk deur en bepaal in watter **hoofkategorie** die werk val: **Goed, Middelmatig of Swak.**

2. Doen dan >n fyner analise van die kategorie, m.a.w. vra: **Hoe** goed / middelmatig /swak?

Om dit te kan doen, lees die kriptiese omskrywing van die kategorieë en gebruik dit dan as riglyn wanneer die fyner omskrywing onder **Taal, Inhoud en Kommunikasie** gelees word.

Voorbeeld

Y Ek lees >n stuk en besluit dit val in die kategorie **Goed**.

Y Ek vra myself af : Hoe goed? En besluit dit is goed, maar nie 80% nie, m.a.w. amper goed, want daar is te veel hinderlikhede.

Y Terwyl ek nasien, onderstreep ek nie net foute nie, maar ek maak regmerkies waar iets werklik treffend en goed is (nie wat reg behoort te wees nie.)

Y Nou kyk ek na die kolom AKriteria@ en in plaas daarvan om te sê:

*Goeie* **taalgebruik,** sê ek die taalgebruik is *amper goed,* want die verskeidenheid sinstipes is nie so groot nie; daar is min, maar hinderlike foute. Foute wat ek nie van >n A-kandidaat verwag nie. So kyk ek ook na woordkeuse en hoe uitgebreid die woordeskat is, hoe geskik en gepas die woordgebruik is, hoe korrek die idiomatiese taalgebruik is.

Ek beweeg na **inhoud** en doen dieselfde. Ja, die inhoud is goed, maar nie só goed dat ek 80% daarvoor sal wil gee nie, want dit is interessant en relevant, maar nie werklik só boeiend nie. Verder stem ek saam dat die beplanning goed is, maar miskien oortuig die slot my nie heeltemal so goed nie, ens.

Vervolgens kyk ek na **kommunikasie** en doen dieselfde: ja, die onderwerp is korrek geïnterpreteer en die boodskap is goed oorgedra, maar omdat die woordkeuse plek-plek nie werklik gepas is nie, tref dit nie so in die kol nie. Iets van die atmosfeer/styl het nie heeltemal geslaag nie.

Y Ek besluit dan finaal dat die kandidaat goed is, maar nie goed genoeg vir 80% nie.


3. Ek skryf die kategorie en die punt neer.

**ONTHOU**


1. Ek moet self die onderwerp reg interpreteer, maar Aoop@ genoeg om te kan insien as die kandidaat dit anders vertolk het.
2. Ek moet self >n baie goeie waardebepaling en kennis van die verskillende kategorieë hê, m.a.w. ek moet weet wanneer iets 80%, 50% en 30% werd is.
3. Ek moet my nie blindstaar teen een van die drie aspekte (taal, inhoud, kommunikatiwiteit) nie, maar moet dit globaal beoordeel. Die een kan nie los van die ander beoordeel word nie. Die een oefen >n direkte invloed op die ander een uit en is

# AFRIKAANS
# ADDISIONELE TAAL
# SLYPSKOOL

## INTERPRETASIE VAN DIE 10-PUNT NASIENSKAAL




# "KOM ONS VERSTAAN ...
# ... DIE 10-PUNT ...
# ... NASIENSKAAL."



**Verstaan die skaal...**


**Dit is 'n 10-punt skaal en het dieselfde betekenis- en gewigswaarde as die simbool indeling (A, B, C, ...).**

**NO.1**




**As jy verstaan wat die <u>waarde</u> van 'n punt uit 10 is, kan jy uit enige punt nasien, want jy vermenigvuldig net die punt uit 10 met die punt van die totaal.**


**As die totaal 30 is, sien ek uit 10 na en vermenigvuldig met 3.**
**(Leerder kry 4 uit 10. Dit is 4x3 = 12 uit 30)**



| PUNT UIT 10 | % | SIMBOOL | PUNTE |
|---|---|---|---|
| 10 | 100 | A++ | 100 |
| 9 | 90 | A+ | 90-99 |
| 8 | 80 | A | 80-89 |
| 7 | 70 | B | 70-79 |
| 6 | 60 | C | 60-69 |
| 5 | 50 | D | 50-59 |
| 4 | 40 | E | 40-49 |
| 3 | 30 | F | 33⅓-39 |
| | | FF | 30-33⅓ |
| 2 | 20 | G | 25-29 |
| | | GG | 20-24 |
| 1 | 10 | H | 0-19 |




**Om te standaardiseer, is dit belangrik dat ons almal dieselfde waarde aan 'n punt toeken.**




## Drie hoofkategorieë

NO.2




Omdat skryfwerk globaal nagesien word, is dit makliker as die nasienskaal in drie hoofkategorieë verdeel word:

| KATEGORIE | PUNT UIT 10 | % | SIMBOOL | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| GOED (G) | 10 | 100 | A++ | 100 |
| | 9 | 90 | A+ | 90-99 |
| | 8 | 80 | A | 80-89 |
| MIDDELMATIG (M) | 7 | 70 | B | 70-79 |
| | 6 | 60 | C | 60-69 |
| | 5 | 50 | D | 50-59 |
| | 4 | 40 | E | 40-49 |
| SWAK (S)  | 3 | 30 | F | 33⅓-39 |
| | | | | 30-33⅓ |
| | 2 | 20 | G | 25-29 |
| | | | | 20-24 |
| | 1 | 10 | H | 0-19 |


## Fyner indeling ...

NO.3



Dit spreek vanself dat die drie hoofkategorieë fyner verdeel moet word, want die punteverspreiding is te groot:


| | | |
|---|---|---|
| G = | 80% - 100% | Verspreiding van 20% |
| M = | 40% - 79% | Verspreiding van 39% [E tot B] |
| S = | 0% - 39% | Verspreiding van 39% [H tot FF] |



Sien die tabel hieronder ...

**Elke hoofkategorie het 'n plus en 'n minus kategorie:**
**(G+ G G-) (M+ M M-) (S+ S S-)**

| SIMBOOL | PUNT |
|---|---|
| G++ | 10 |
| G+ | 9 |
| G | 8 |
| G- | 7 |
| M+ | 6 |
| M | 5 |
| M- | 4 |
| S+ | 3 |
| S | 2 |
| S- | 1 |




**Tussenin punte ...**

**NO.4**



**Tot dusver het ons in eenhede van 10 gewerk, maar 'n speling van 10 punte is te groot. Ons het 'n fyner onderskeiding nodig.**

**Veronderstel jy lees 'n skryfstuk en bepaal aanvanklik half huiwerig dat dit in die G-kategorie val. Jy skryf G neer, maar weet dat dit eintlik G- en nog swakker is.**
**Jy skryf dus G- neer en onderskei verder, want die skryfstuk is na jou mening nie 70% werd nie, maar beter as 60 %.**
**Jy gee dan 'n tussenin punt, m.a.w G-M+**



**Sien die tabel hieronder ...**

SIMBOOL → | ← PUNT

| Simbool | Punt |
|---|---|
| G++ | 10 |
| G++G+ | 9½ |
| G+ | 9 |
| G+G | 8½ |
| G | 8 |
| GG- | 7½ |
| G- | 7 |
| G- M+ | 6½ |
| M+ | 6 |
| M+M | 5½ |
| M | 5 |
| MM- | 4½ |
| M- | 4 |
| M- S+ | 3½ |
| S+ | 3 |
| S+S | 2½ |
| S | 2 |
| SS- | 1½ |
| S- | 1 |

← TUSSENIN PUNT





| % | KATEGORIE | | 40 | 30 | 20 | 15 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 100 | G+++ | Absoluut puik | 40 | 30 | 20 | 15 | 10 |
| 95 | G++ | Puik | 38 | 29 | 19 | 14½ | 9½ |
| 90 | G+ | Uitstekend | 36 | 27 | 18 | 13½ | 9 |
| 85 | G+G | Baie goed | 34 | 26 | 17 | 13 | 8½ |
| 80 | G | Goed | 32 | 24 | 16 | 12 | 8 |
| 75 | GG- | Amper goed | 30 | 23 | 15 | 11½ | 7½ |
| 70 | G- | Goed, te veel swakhede | 28 | 21 | 14 | 10½ | 7 |
| 65 | G-M+ | Neig na goed, te veel swakhede | 26 | 20 | 13 | 10 | 6½ |
| 60 | M+ | Bogemid. Begin neig na goed | 24 | 18 | 12 | 9 | 6 |
| 55 | M+M | Beter as gemiddeld | 22 | 17 | 11 | 8½ | 5½ |
| 50 | M | Gemiddeld | 20 | 15 | 10 | 7½ | 5 |


**Daar word <u>geen ander tussenin punte</u> gegee nie. As 'n skryfstuk uit 30 tel en die simbole M+M (17) word bepaal, gee ons nie 16 nie.**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 35 | M-S+ | Swak, maar kan slaag | 14 | 11 | 7 | 5½ | 3½ |
| 30 | S+ | Te swak om te slaag | 12 | 9 | 6 | 4½ | 3 |
| 25 | S+S | Nog swakker, vol foute | 10 | 8 | 5 | 4 | 2½ |
| 20 | S | Swak | 8 | 6 | 4 | 3 | 2 |
| 15 | SS- | Uiters swak | 6 | 5 | 3 | 2½ | 1½ |
| 10 | S- | Hopeloos | 4 | 3 | 2 | 1½ | 1 |

Almal werk met **dieselfde** puntewaarde.



LET WEL!




As ons elkeen ons eie punte gee en afwyk van die meetinstrument, het ons ...

**nie meer gelyke standaarde nie.**

## SIMBOLE BY NASIENWERK

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|---|---|
| __ | Kort strepie | Spelfout |
| ______ | Lang streep | Foutiewe woorde |
| (......) | Hakies | Woordorde |
| ^ | Weggelaatteken | Woord(e) weggelaat |
| .. .. | Eenwoord teken | Behoort een word te wees |
| ?(kantlyn) | Groot vraagteken | Effens onduidelik |
| x | Kruisie | Komma weggelaat |
| T(kantlyn) | Hoofletter T | Tye verwar |
| herh (kantlyn) | Afkorting | Herhaling van gedagtes |
| // | Twee strepies | Dui nuwe paragraaf aan |
| ~ | Kronkelstreep | Onverstaanbaar |
| | Hoofletter | Skryf self die hoofletter in |



**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL - HOËR GRAAD EN STANDAARDGRAAD**

**NASIENSKAAL VIR DIE ASSESSERING VAN SKRYFWERK**

| % | KATEGORIE | | 40 | 30 | 20 | 15 | 10 | KRITERIA: TAAL, INHOUD KOMMUNIKASIE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 100 | G+++ | Absoluut puik | 40 | 30 | 20 | 15 | 10 | - Goeie **taalgebruik**. Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies. Min foute.<br>- Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas. Uitgebreide en gevorderde woordeskat. Taal is idiomaties korrek.<br>- **Inhoud** is boeiend, interessant en relevant. Goeie beplanning, al die stof is ter sake. Skryfstuk toon duidelike progressie, m.a.w. inleiding, verloop en slot vorm netjiese geheel.<br>- Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens. Korrekte paragrawe.<br>- Duidelike korrekte interpretasie van onderwerp, m.a.w.die boodskap is briljant en oortuigend oorgedra.<br>- Dit lok die gewenste reaksie by die leser uit, want jy wil lees.<br>- **Kommunikeer** uiters effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom en punktuasie. |
| 95 | G++ | Puik | 38 | 29 | 19 | 14½ | 9½ | |
| 90 | G+ | Uitstekend | 36 | 27 | 18 | 13½ | 9 | |
| 85 | G+G | Baie goed | 34 | 26 | 17 | 13 | 8½ | |
| 80 | G | Goed | 32 | 24 | 16 | 12 | 8 | |
| 75 | GG- | Amper goed | 30 | 23 | 15 | 11½ | 7½ | |
| 70 | G- | Goed, te veel swakhede | 28 | 21 | 14 | 10½ | 7 | |
| 65 | G-M+ | Neig na goed, te veel swakhede | 26 | 20 | 13 | 10 | 6½ | - **Taalgebruik** is gemiddeld. Minder verskeidenheid sinstipes en -konstruksies. Sinsbou is dikwels lomp; woord- en sinstrukture kom dikwels voor.<br>- Woordeskatkennis is basies en woordbetekenis nie altyd korrek nie.<br>- **Inhoud** is vanselfsprekend, niks buitengewoons nie.<br>- Beplanning nie meer goed nie, dwaal soms van die onderwerp af/onderwerp net gedeeltelik betrek. Weing ontwikkeling, paragrawe skakel nie altyd sinvol nie,<br>- Inleiding te lank/te kort en slot nie effektief nie/ ontbreek soms.<br>- Onderwerp is nie heeltemal so korrek geïnterpreteer nie en die boodskap nie meer so duidelik oorgedra nie. Lok nie werklik reaksie by leser uit nie.<br>- Slaag nog daarin om inhoud verstaanbaar te **kommunikeer** ten spyte van foute. Min gebruik van taalidioom, wel moedertaalinvloed. |
| 60 | M+ | Bogemid. Begin neig na goed | 24 | 18 | 12 | 9 | 6 | |
| 55 | M+M | Beter as gemiddeld | 22 | 17 | 11 | 8½ | 5½ | |
| 50 | M | Gemiddeld | 20 | 15 | 10 | 7½ | 5 | |
| 45 | MM- | Redelik gemiddeld, te veel foute | 18 | 14 | 9 | 7 | 4½ | |
| 40 | M- | Sukkelend, maar nie swak nie | 16 | 12 | 8 | 6 | 4 | |
| 35 | M-S+ | Swak, maar kan slaag | 14 | 11 | 7 | 5½ | 3½ | - **Taalgebruik** is swak. Sukkel met basiese woord- en sinstrukture. Taal is lomp, beperk en dikwels heel onverstaanbaar. Wemel van foute t.o.v. spelling, sinsbou en woordgebruik.<br>- Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute. Gebruik Engelse woorde.<br>- **Inhoud** is eintlk nie meer tersaaklik/glad nie tersaaklik nie.<br>- Swak beplanning, tema vaagweg in gedagte gehou, baie herhaling. Geen / min eenheid tussen paragrawe. Interpunksie word geïgnoreer<br>- Onderwerp is feitlik heeltemal of glad nie verstaan en geïnterpreteer nie. Slaag nie daarin om boodskap oor te dra nie.<br>- **Kommunikasie** moontlik nog verstaanbaar omdat nasiener inlees. |
| 30 | S+ | Te swak om te slaag, | 12 | 9 | 6 | 4½ | 3 | |
| 25 | S+S | Nog swakker, vol foute | 10 | 8 | 5 | 4 | 2½ | |
| 20 | S | Swak | 8 | 6 | 4 | 3 | 2 | |
| 15 | SS- | Uiters swak | 6 | 5 | 3 | 2½ | 1½ | |
| 10 | S- | Hopeloos | 4 | 3 | 2 | 1½ | 1 | |

- Lees die stuk deur, besin oor die taalgebruik/styl, inhoud en kommunikasie en plaas die kandidaat in een van die drie hoofkategorieë, nl. GOED, MIDDELMATIG of SWAK.
- Besin dan **hoe** goed, middelmatig of swak. Begin by die omskrywinge van die hoofkategorieë (GOED, MIDDELMATIG, SWAK - T/I/K) en lees dan die opsommende omskrywing.
- Plaas die kandidaat dan in 'n spesifieke simbool-kategorie, bv, M+M.
- Skryf die simbool neer (bv. M+M) en soek dan in die kolom onder die verlangde totaal die ooreenstemmde waarde en skryf dit neer (bv. uit 30 is M+M 17)
- Moenie ander tussenin punte gee nie..

## DIE NASIENSKAAL: HOE ONS DIT INTERPRETEER EN TOEPAS

1. **Verstaan die skaal**

- Dit is 'n 10-punt skaal en het dieselfde betekenis- en gewigswaarde as die simboolindeling (A, B, C ...) wat ons so goed ken.

- As jy verstaan wat die waarde van 'n punt uit 10 is, kan jy uit enige totaal nasien, want jy vermenigvuldig net die punt uit 10 met die punt van die totaal.

  As ek uit 30 moet nasien, gee ek my punt uit 10 en vermenigvuldig daardie punt met 3. (Leerder kry 4 uit 10. Dit is 4X3 = 12 uit 30).

| PUNT UIT 10 | % | SIMBOOL | PUNTE |
|---|---|---|---|
| 10 | 100 | A++ | 100 |
| 9 | 90 | A+ | 90 - 99 |
| 8 | 80 | A | 80 - 89 |
| 7 | 70 | B | 70 - 79 |
| 6 | 60 | C | 60 - 69 |
| 5 | 50 | D | 50 - 59 |
| 4 | 40 | E | 40 - 49 |
| 3 | 30 | F | 33⅓ - 39 |
| | | FF | 30 - 33⅓ |
| 2 | 20 | G | 25 - 29 |
| | | GG | 20 - 24 |
| 1 | 10 | H | 0 - 19 |

- Ons weet almal wat ons bedoel as ons byvoorbeeld van 'n A-kandidaat (punte tussen 80 - 100) of 'n D-kandidaat (punte tussen 50 - 59) praat.

- Om te standaardiseer, is dit belangrik dat ons almal dieselfde waarde aan 'n punt toeken.

- Dit is nodig dat elke simboolkategorie duidelik omskryf word en dat ons almal saamstem met die inhoud daarvan.

## 2. Drie hoofkategorieë

- Omdat skryfwerk globaal nagesien word, is dit makliker as die nasienskaal in drie hoofkategorieë verdeel word:

| KATEGORIE | PUNT UIT 10 | % | SIMBOOL | PUNTE |
|---|---|---|---|---|
| GOED | 10 | 100 | A++ | 100 |
| | 9 | 90 | A+ | 90 - 99 |
| | 8 | 80 | A | 80 - 89 |
| MIDDELMATIG | 7 | 70 | B | 70 - 79 |
| | 6 | 60 | C | 60 - 69 |
| | 5 | 50 | D | 50 - 59 |
| | 4 | 40 | E | 40 - 49 |
| SWAK | 3 | 30 | F | 33⅓ - 39 |
| | | | FF | 30 - 33⅓ |
| | 2 | 20 | G | 25 - 29 |
| | | | GG | 20 - 24 |
| | 1 | 10 | H | 0 - 19 |

- Wanneer 'n skryfstuk geëvalueer word, plaas ons dit eerstens in een van dié drie kategorieë. Nadat dit in 'n hoofkategorie geplaas is, word 'n fyner verdeling gedoen.

- Ons gebruik die simbole **G/ M / S** om die drie kategorieë aan te dui. Ons skryf dus altyd heel eerste een van die drie simbole neer.

### 2.1 Fyner verdeling van die hoofkategorieë

- Dit spreek vanself dat die hoofkategorieë fyner verdeel moet word, want die punteverspreiding is te groot:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Goed | = | 80% - 100% | Verspreiding van 20% |
| Middelmatig | = | 40 % - 79% | Verspreiding van 39% E tot B |
| Swak | + | 0% - 39% | Verspreiding van 39% H tot FF |

- Die fyner verdeling met die ooreenstemmende simbool kom op die volgende neer:

| SIMBOOL | PUNT |
|---|---|
| G++ | 10 |
| G+ | 9 |
| G | 8 |
| G- | 7 |
| M+ | 6 |
| M | 5 |
| M- | 4 |
| S+ | 3 |
| S | 2 |
| S- | 1 |

- Die drie hoofkategorieë is
  **G**oed (80%),
  **M**iddelmatig (50%)
  **S**wak (20%).

  Elkeen van hulle het plus en 'n minus kategorie: (G+ G G-), (M+ M M-), (S+ S S-). Sien die tabel hierbo.

- Jy lees 'n skryfstuk deur en bepaal dan eerstens dat dit breedweg in die **G**-kategorie val. Jy besin verder daaroor en besluit dat die stuk goed is, maar dat daar te veel hinderlike foute is, dat dit nie 80% (**G)** is nie, maar 70%, m.a.w. **G-**.

  Of net so besluit jy die skryfstuk val in die **M**-kategorie, maar na fyner ontleding besef jy dat dit beter is, m.a.w. bogemiddeld (**M+** = 60%).

## 2.2 Verdere verdeling in tussenin punte

- Die finale onderskeiding is die tussenin punte. Tot dusver het ons in eenhede van 10 gewerk, maar 10 punte speling is te groot. Ons het nog fyner onderskeiding nodig.

- Veronderstel jy lees 'n skryfstuk en bepaal aanvanklik half huiwerig dat dit in die **G**-kategorie val, dan skryf jy die simbool **G** neer. Jy weet egter dat dit einlik **G-** en nog swakker is.

  Jy skryf dus **G-** neer en onderskei verder, want die skryfstuk is na jou mening nie 70% werd nie, maar 65%, m.a.w. dit *neig na goed, maar het te veel swakhede*. Die simbole wat jy dan neerskryf, is **G-M+**.

- 'n Verdere voorbeeld: Jy lees 'n stuk en besluit dit val in die **S**-kategorie. Die stuk is egter nie so swak (20%) nie, maar beter as swak en daarom plaas jy dit in die **S+**-kategorie (30%). Jy voel egter dat die leerder nie verdien om te druip nie en daarom is jou finale aanslag **M-S+** (35%).

- Vergelyk die tabel hieronder:

| SIMBOOL | PUNT |
|---|---|
| G++ | 10 |
| **G++G** | 9½ |
| G+ | 9 |
| **G+G** | 8½ |
| G | 8 |
| **GG-** | 7½ |
| G- | 7 |
| **G-M+** | 6½ |
| M+ | 6 |
| **M+M** | 5½ |
| M | 5 |
| **MM-** | 4½ |
| M- | 4 |
| **M-S+** | 3½ |
| S+ | 3 |
| **S+S** | 2½ |
| S | 2 |
| **SS-** | 1½ |
| S- | 1 |

- Daar word geen ander tussenin punte gegee nie. As 'n skryfstuk uit 30 tel en die simbole M+M (17) word bepaal, word nie 16 punte gegee nie. Almal werk met dieselfde puntewaarde. As ons elkeen ons eie punte gee en afwyk van die meetinstrument, het ons nie meer gelyke standaarde nie.

3. **Bestudeer die omskrywings van die kategorie**

Om die finale puntetoekenning van 'n skryfstuk te bepaal, is dit raadsaam om voortdurend die kriteria vir 'n bepaalde kategorie in gedagte te hou en jou dan te laat lei deur die kort opsomminkies in die kategorie-kolom.

Voorspoed, sterkte en seën!